

SKANDINAWIË

2019

Die Skandinawiese toer is die afgelope twintig jaar verskeie kere aangebied. Omdat Skandinawië – en veral Noorweë – so 'n pragtige land is, kan 'n mens nie anders as om onder die bekoring van die ongelooflike skoonheid daarvan te kom nie. Ons het die indrukwekkendste roetes gekombineer en die toer só beplan dat die hoofstede van elkeen van die 4 Nordiese lande, en veral die heel mooiste van Noorweë, by die program ingevoeg is.

Om reg te laat geskied aan hierdie "lande van die Middernagson" is 'n besoek aan die Noorse Lapland en Noordkaap as 'n ekstra opsie ingesluit om die somersonstilstand in die noordelike halfmond te ervaar.

Ons stel voor vertrek van die toer 'n volledige Reisgids beskikbaar, sodat voornemende toerlede vooraf 'n deeglike studie van die roete kan maak en beter voorbereid op die toer kan gaan.

FINLAND

Finland (in Fins SUOMI), die noorderland van mere, eilande en woude, is in 1917 tot 'n selfstandige republiek verklaar. Sedert 1812 is Helsinki die hoofstad. Finland is nege keer so groot soos Switserland, het 60 000 mere en beskik oor die grootste aantal eilande in Europa.

Ongeveer een derde van die land lê noord van die poolsirkel. Tog bibber die mense nie hier van die koue nie. Agv die warm golfstroom is die klimaat dwarsdeur die jaar beduidend warmer as wat 'n mens op dié breedtegraad sou verwag.

SWEDE

Net soos Finland bestaan Swede uit talle mere, eilande en woude. Swede is egter meer bergagtig. 'n Besoek aan die luisterryke hoofstad, Stockholm, wat uitgesprei oor 'n panorama van see en eilande lê, is op sigself 'n belewenis. Dié stad is sonder twyfel een van die wêreld se mooiste hoofstede. Op Skansen, een van die 25 000 eilande op die drumpel van Stockholm, kan die tipiese Sweedse leefwyse van eeue gelede besigtig word.

NOORWEË

Onbeskryflike skoonheid wag vir ons in Noorweë: die mooiste fjorde, ongeskonde natuurskoon, pragtige woude, berge met donderende watervalle en bruisende riviere. Plase, toegegroei met berkebome, is teen die steil berghange geleë en aan die groen oewers van die fjorde nestel dorpie met helderkleurige huise.

Duisende meter hoër op teen die berge kronkel steil paaie langs duiselingwekkende afgronde en glinsterende yslandskappe! Groot seebote vaar deur smal seekanale tot sover as 300 km die binneland in. Loodregte kransmure – dikwels honderde meter hoog – word in die steil groen dieptes van die fjorde weerspieël. Koue berglug afgewissel met die buitengewoon gematigde klimaat van die dale vorm 'n verrassende kontras.

DENEMARKE

Kopenhagen, die hoofstad van Denemarke, bied 'n interessante vermenging van die outydse en nuwerwetse. Hierdie stad hou 'n besondere bekoring in – dit voel kompleet asof 'n mens in die sprokieswêreld van die bekende Hans Christian Andersen instap – veral wanneer jy langs die bekende "Klein Meerminnetjie" staan.

HOOGTEPUNTE VAN DIE TOER

Hoogtepunte van die toer sluit onbeskryflike panoramas wat vanaf die hoogste bergpasse voor 'n mens ontvou, sprokiesagtige fjorde (waarvan ons op verskeie vaar), pragtige mere met ongelooflike weerkaatsings in die water, glinsterende gletservelde, besoeke aan 'n gletser en gletsermuseum en die opsie om Noordkaap te besoek, in.